Worcester House of HOPE
Restoring Hope to the Hopeless
(050-469 NPO)

NUUSBRIEF
DESEMBER 2018

LIEWE HOUSE OF HOPE VRIENDE

VAN LENELLE (BESTUURDER) SE KANT……

Ek het 15 Augustus 2018 oorgeneem as Bestuurder by Estelle Fredericks (waarnemende Bestuurder vir 2 maande) by Worcester House of Hope. Dit was vir my 'n groot uitdaging (maar een wat ek met albei hande aangegryp het) om Bestuurder te wees in hierdie tipe omgewing. Daar was 'n paar uitdagings aan die begin wat ek eenvoudig moes inspring en uitsorteer.

Hierdie uitdaging was vir my baie 'rewarding' en ek self het gegroei in die proses. Ek staan in die oggende op en sien uit daarna om werk toe te gaan want ek het 'n passie vir wat ek doen. Ek is hoofsaaklik verantwoordelik vir die bemarking van WHOH (die gesig en skakel tussen WHOH en die gemeenskap en organisasies) en ek is ook verantwoordelik vir fondsinsameling vir Worcester House of Hope, ek nooi die gemeenskap uit om of vir my of vir Karin in die kantoor te skakel sou u belangstel dat ons 'n bewusmakings praatjie by u organisasie kan kom lewer. My fokus is ook op die personeel van WHOH (die skakel tussen die personeel en die Bestuur). 'n Spesiale dankie aan die personeel en Bestuur wat soveel van hulle tyd gee en altyd die ekstra myl stap.

Net 'n rukkie nadat ek hier begin het het ons 'n baie suksesvolle spanbou sessie gehad. Ons het nuwe personeellede gehad wat by ons aangesluit het, so die spanbou sessie het baie gehelp om hegte bande te smee.

Op 13 September 2018 het Worcester House of Hope 'n besoek gehad van die 'Parliamentary Oversight Committee' asook die direkteur 'General of the National Department of Social Development'. DSD van Worcester was ook teenwoordig. Die besoek het baie goed afgeloop, ons het hulle bietjie meer vertel en ingelig oor Worcester House of Hope. Twee van die inwoners het hulle getuienisse gelewer wat 'n groot impak gemaak het op hulle. Ons het ons versoeke en waarna ons kyk om Worcester House of Hope uit te brei aan hulle voorgelê. Een van ons grootste behoeftes is vir 'n fase 2 huis. Ons het baie goeie terugvoer van hulle ontvang.

Die Here was so goed vir ons vanaf ek hier begin het, ek kan elke dag Sy hand en seën en sorg sien op Worcester House of Hope. Ek wil opreg dankie sê vir die gemeenskap en ons vrywilligers, sonder julle bydraes (van watter aard dit ookal mag wees) sou ons nie wees waar ons is nie. Elkeen se inset word opreg waardeer.

As Bestuurder van Worcester House of Hope is my wens dat ons in die Nuwe Jaar nog meer van krag tot krag sal gaan en nog nouer sal saamwerk.

Ons wens almal 'n Geseënde Kersfees en tyd saam met hulle families toe!!!!

VAN DIE KANTOOR SE KANT AF ...

Dit was 'n baie bedrywige 6 maande gewees. Baie dankie vir die publiek se getroue ondersteuning met ons vetkoekverkope! Ons maak volgende jaar weer so!

Ons beplan ook 'n lekker damesoggend of twee vir volgende jaar en hoop om elkeen van julle daar te sien. Hou ons FB blad dop vir meer hieroor.

Daar gaan vroeg in volgende jaar 'n "volunteer vergadering" gehou word, indien u wil inskakel hierby, kontak gerus die kantoor. Dit sal wonderlik wees as ons ons volunteer span kan uitbrei.

Baie dankie vir elkeen daarbuite wat ons so ryklik seën met skenkings. Ons waardeer elkeen opreg!

VAN ISOBEL BOTHA SE KANT …

Ek is bevoorreg om sedert die 1ste Augustus 2018 as maatskaplike werker, deel van die span wonderlike mense by Worcester House of Hope te wees.

Dit was 'n bedrywige 4 maande. Inwoners is daagliks betrek by individuele terapie sessies asook groepsessies. Vier van ons inwoners was betrokke by ABET skool; 4 inwoners het die buite pasiënte program by Toevlug bygewoon; 4 inwoners het die Vlak 1 rekenaarkursus by Creative Minds gedoen en 5 inwoners het ook Road to Recovery se rehabilitasieprogram eenmaal per week bygewoon.

Ons was in die bevoorregte posisie om 2 inwoners te stuur na die kliniese sielkundige en al ons voorskoolse kinders kon daagliks Bollieland crechè bywoon. Een van die groot veldtogte gedurende November/Desember 2018 is die "16 Days of Activism against women and child abuse". Ons inwoners gaan gedurende hierdie tyd by groepsessies spesiaal vir hierdie geleentheid betrek word. Ek, sowel as een van die huismoeders, wat 'n oud inwoner van House of Hope was het die geleentheid gehad om by Brandvlei Medium Gevangenis bewusmaking en getuienis te lewer en deel te wees van hulle program vir die veldtog. Ons is ook betrokke by ACVV Worcester se afsluiting van die veldtog op 10 Desember 2018.

Ek wil 'n groot dank uitspreek aan die vrywilligers wat my weekliks gehelp het. Ek waardeer julle passie waarmee julle met die inwoners werk uit die diepte van my hart.

ISOBEL

VAN MAGRIETA (SENIOR HUISMOEDER) SE KANT ….

Ons het die einde van 2018 bereik en wat 'n geseënde jaar was dit nie. God het Homself weereens bewys en ons is so dankbaar vir alles wat Hy vir ons gedoen het gedurende 2018.

Baie dankie aan die gemeenskap van Worcester wat uitgereik het na House of Hope, mag die seën van die Here op u besigheid en familie heers.

MAGRIETA

GETUIENIS VAN ISABEL VLOK (OUD INWONER) …

My naam is Isabel Vlok en ek was 'n inwoner by Worcester House of Hope. Ek is erg 'abuse' deur my 'boyfriend'. Ek het vir die Here 'n uitweg gevra in my hart, want ek kon net nie meer nie. Op 'n dag het ek net genoeg gehad en besluit om weg te breek van hom. 'n Man het my opgelaai en reguit na Riet Veiligheidshuis toe geneem. Hulle het my opgeneem, ek was vreeslik angstig, bewerig en bang en het geen selfbeeld of selfwaarde oorgehad nie. Die dame by Riet Veiligheidshuis het sommer gou werk gemaak van my en die volgende dag was ek weg uit Caledon. Dit het alles so gou gebeur, ek het vir haar gesê dit maak nie saak waarnatoe julle my stuur nie, ek moet net wegkom van hom asook my verlede.

Die Vrydag het hulle antwoord by Worcester House of Hope gekry dat ek opgeneem kan word en vandag kan ek met trots sê dat die personeel by Worcester House of Hope doen hulle werk met passie. Ek het 'n plek gesoek wat my selfbeeld, selfrespek, waarde asook my identiteit kon herstel en opbou. Worcester House of Hope het my gestuur vir kursusse wat vir my ontsettend baie beteken het en waarvan ek self die waarde gesien het.

My herstel en vereniging met my familie, asook vriende wat ek so seergemaak het in die verlede, asook om God te soek en 'n pad saam met Hom te loop, want sonder Hom kan ek niks regkry nie, het alles begin by House of Hope. Dit wat ek deurgemaak het in die wêreld en dit wat ek nou weet van myself asook my waardes en my selfbeeld wat herstel is, is twee wêrelde verwyder van mekaar. Ek het my selfvertroue teruggekry. Ek het selfs 'n ID gekry wat ek nooit gehad het nie by Worcester House of Hope. So my ondervinding by die huis was baie goed. Die Here het my regtig die keer gehelp en gered, en dit te danke aan die wonderlike personeel by Worcester House of Hope.

NUWE HULP MAATSKAPLIKE WERKER ...

Mev Agnethea Hartman het ons diens onlangs verlaat. Haar pos is nou gevul deur Mev Anneline Olivier vanaf 1 Desember 2018. Worcester House of Hope verwelkom Anneline Olivier hartlik, ons hoop jy is baie gelukkig by ons en dat ons 'n lang pad sal saamstap. Baie dankie Mev Agnethea Hartman vir jou harde en toegewyde werk.

ANNELIEN

HUISMOEDER

Ons verwelkom vir Keshia Adams as nuwe junior huismoeder in ons midde en terselfdertyd bedank ons vir Freda en Louise vir hul jarelange lojaliteit en diens aan Worcester House of Hope.

KESHIA

OPKNAPPING VAN DIE PARKIE ...

Ons is in die proses om ons parkie op te gradeer … ons wil net baie dankie sê vir dominee Malan en sy span van NG Kerk Worcester Vallei. Ons waardeer dit opreg.

OPKNAPPING VAN DIE PARKIE

NOG DANKIES:

VOLUNTEERS

Baie dankie aan elke volunteer wat ons gereeld bystaan. Dit is wonderlik om met sulke vriendelike, hulpvaardige mense te werk wat altyd bereid is om te gee en te help. Julle maak ons taak soveel makliker!

RCL FOODS

Ons wil net weereens opreg dankie sê vir al die skenkings sover die jaar, dit maak so 'n groot verskil. En ook vir u voortgesette ondersteuning in 2019!

APL CARTONS

Baie dankie vir julle finansiële bydraes en voortgesette ondersteuning!

RODLYN'S

Ons wil opreg dankie sê vir julle hulp en voortgesette ondersteuning deur die jaar!

KERKE

Baie dankie aan die plaaslike kerke wat finansiële bydraes gelewer het tot ons werksaamhede. Worcester House of Hope is altyd bereid om praatjies te kom gee vir groter bewusmaking van aangeleenthede rakende mishandeling in die gemeenskap.

Aan elke individu wat ons wanneer moontlik ondersteun, baie baie dankie. U versterk ons hande!

OUR WISHLIST:

- **Babadoeke ('n groot nood by die huis)**
- **Onderklere (medium en large grootte)**
- **Sokkies**
- **Babamelk en pap**
- **Borge vir uitstappies met inwoners**
- **Goeie tweedehandse klere, nagklere en skoene**
- **Beddegoed**

Indien u 'n donasie wil maak, ons bankbesonderhede is as volg:
Worcester House of Hope
Standard Bank Worcester
Rekening Nommer : 386256055
Takkode : 05040741

Enige donasie is welkom! Fondse is altyd 'n groot kopseer, aangesien ons fondse nodig het vir salarisse en die dag tot dag bedrywighede van Worcester House of Hope.

LET ASB. DAAROP DAT ONS GEREGISTREER IS VIR ARTIKEL 18A KWITANSIES VIR BELASTING-DOELEINDES!!

HOE OM ONS TE KONTAK:

Adres:
Privaatsak 3105
Suite 39
WORCESTER
6849

Telefoon : 023 3423167 (Kantoor Ure : 08:00 tot 15:00)
E-Pos : cwhouseofhope@breede.co.za
Web : www.whoh.co.za
Facebook : Worcester House of Hope

U kan ook ons CEO, Sonja du Toit skakel by:
Telefoon : 023 3472519 of 082 226 8464
Ure : 09:00 – 14:00

Psalm 127 : Unless the Lord builds the house, they labour in vain who build it; Unless the Lord guards the city, the watchman keeps in vain …